


# INSEKTE EN REPTIELE

https://www.google.com/search?q=chameleon&tbm=isch&chips=q:chameleon,g_1:rainbow:qBL_m91VfwQ%3D&rlz=1C1OKWM_enZA890ZA890&hl=en-US&ved=2ahUKEwiryebZw8zqAhUNORQKHTG5CMsQ4lYoAXoECAEQFg&biw=1519&bih=722#imgrc=K2FJckwtlkC5fM

# Hallo liewe graad 5’s

Ek is seker julle raak elke week bietjie meer opgewonde om terug te kom skool toe.

Die week begin ons met kwartaal 3 se boekwerk. Ons sal weer hieroor in die klas gesels, maar as jy reeds by die huis oor die werk lees is daar meer tyd in die klas vir lekker kunstakies!

Lees die inligting op p.131-132 in jou handboek aandagtig deur.



# Eenheid 19 Skep reptiele en insekte in hulle omgewing

**Sleutelwoord**

**Droomtyd:** tyd van die skepping van die aarde, die diere en mense ooreenkomstig die oortuigings van die Australiese inboorlinge

## 'n Voorbeeld van teken- en verftegnieke: die Australiese inboorlinge

Die Australiese inboorlinge is 'n groep mense wat reeds vanaf die vroegste tye in Australië woon. Hulle het stories uitgedink om mekaar te leer van die lewe, insluitende oor jagtegnieke, die versameling van kos en oorlogvoering. Die tradisionele onderrigmetode van die Australiese inboorlinge vir hulle kinders is om 'n kombinasie van kunsvorms te gebruik, soos skilderkuns, sang, dans en teken.



*'n Stippelskildery deur Australiese inboorlinge*

Stippelkuns is 'n tradisionele visuele kunsvorm van die Australiese inboorlinge. Die doek word met klein verfkolletjies gevul wat patrone vorm. Die verwe wat die inboorlinge gebruik, is nie die verwe wat jy in 'n winkel kan koop nie. Hulle gebruik items uit die natuur, soos sand, klei en sade.

Die stippelkuns van die Australiese inboorlinge is 'n manier om stories te vertel. Die stories was dikwels 'n geheim en slegs sekere stamlede is toegelaat om die inhoud daarvan te ken. Hulle het die hele doek met stippels bedek om die geheim te bewaar. Een van die algemeenste stories wat in hierdie skilderye vertel word, is die skeppingstorie van **Droomtyd**.

**Pretfeit**

As jy iets teken wat nie kan beweeg nie of wat nie lewe nie, soos 'n pot vol blomme of 'n voorwerp soos 'n stoel, dan is jy besig om 'n **stillewe** te teken. 'n Stillewe is 'n skildery van 'n alledaagse item of groep items.



## Tekeninge en kleur

Wanneer jy iets op papier of op 'n doek teken, moet jy weet hoe dit lyk sodat jy die vorm daarvan behoorlik kan teken. As jy byvoorbeeld 'n akkedis teken, moet mense na jou tekening kyk en sê: "Dit is 'n akkedis". Om dit te kan doen, bestudeer kunstenaars die voorwerp wat hulle gaan teken. Hulle plaas dit ook dikwels op 'n tafel voor hulle sodat hulle daarna kan kyk terwyl hulle teken en seker maak dat hulle dit reg teken.

Die gebruik van kleur hang af van hoe jy wil hê jou tekening of skildery moet lyk, of wat jy wil hê mense moet sien wanneer hulle daarna kyk. Jy besluit dalk om 'n spinnekop grys te maak met blou oë om dit vriendelik te laat lyk, of jy kan die spinnekop swart maak met rooi oë om dit vreesaanjaend te maak.

## Teken dinge in hulle omgewing

Wanneer jy diere en insekte teken of verf, moet jy dink aan die omgewing waarin jy hulle sal vind. As jy byvoorbeeld ’n pikkewyn teken, sal jy hom nie in ’n boom of in ’n woud teken nie! Pikkewyne bly by die see en meestal in die koue gebiede van die wêreld.

## Die fokuspunt en ontwerp van jou tekening

Kan jy onthou wat die fokuspunt van ’n prent is? Wanneer jy dink aan wat jy wil teken, moet jy dink aan dit wat jy wil hê mense eerste moet sien of die meeste op fokus. Kyk na die foto’s van die skoenlapper en die sprinkaan: Wat is die fokuspunt van elke foto?

Wanneer ons mekaar weer sien gaan ons ‘n skets van ‘n insek maak. Jy kan solank by die huis oefen, dit sal jou baie help in die klas.
Neem ‘n A5 (die helfte van ‘n A4) en maak ‘n potloodskets van die insek van jou keuse. Jy is welkom om dit saam te bring op die eerste dag wat jy kuns het.

Die opsies wat jy gaan kry om te teken gaan die volgende wees, kies net een:

- Skoenlapper
- By
- Naaldekoker

Dit is altyd die heel beste om die voorwerp wat jy teken in lewende lywe te sien, maar vir nou sal ‘n foto ook voldoende wees.

Sien foto’s van die insekte op die volgende skyfie, jy kan die insek wat jy kies in enige posisie teken.



